

Universiteit van Pretoria

**AD DESTINATUM PERSEQUOR:
'N TOEKOMSVISIE VIR DIE DEPARTEMENT
SKOOLVOORLIGTING**

PROF. C.D. JACOBS

CURRICULUM VITAE

PROF. C.D. JACOBS

Christiaan Daniel Jacobs is op 29 Oktober 1948 te Germiston gebore en ontvang tussendeur opleiding aan die plaaslike Eendracht Laerskool. Daarna matrokolat hy, in 1966, aan die Afrikaanse Hoërskool Germiston waar hy ook twee jaar lank op die leerlingraad gedien het.

In 1967 streef professor Jacobs in aan die Universiteit van Pretoria en in 1968 verwerf hy die BA-gradus. In die daaropvolgende jaar behaal hy die Transvaalse Hoër Onderwysdiploma aan die Pretoriaanse Onderwyskollège,

AD DESTINATUM PERSEQUOR: 'N TOEKOMSVISIE VIR DIE DEPARTEMENT SKOOLVOORLIGTING

in die Universiteit van Pretoria. In 1970 streef hy die MEd-gradus (Onderwyspedagogiek) in 1973 aan die Universiteit van Pretoria en in 1981 'n MEd-gradus in dieselfde rigting, met 'n spesiaalproefskrif in Pedagogiese Ontwikkelingspedagogiek met die titel "Wetenskaplike en logiese voorwaardbaarheid as kriteria vir die beroepsoriënteerde onderwyser en verlaggewing".

Vanaf 1970 tot 1974 is professor Jacobs as onderwyser in diens van die Transvaalse Onderwysdepartement, gesê hy onderwyse aan die Pietersburgse Hoërskool, die Frans du Toit Hoërskool te Phalaborwa en 'n selfs Afrikaanse Hoërskool te Tlokweng. In 1975 word hy as lektor in die departement van Onderwyspedagogiek aan die Universiteit van Pretoria aangestel en in 1983 tot senior lektor in die departement Skoolvoorsorging bevorder. Op 1 Januarie 1985 word professor Jacobs as

PROF. C.D. JACOBS

**Intreerede gelewer op 14 Oktober 1986 by die aanvaarding van die
Professoraat en Hoofskap van die Departement Skoolvoorsorging
Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria.**

State van Amerika en Israel vir studietoelae. In 1981 verwerf hy die Janis Dye-erkenning vir produksie van die beste draaiboek aan die Universiteit van Pretoria. Hy is ook outeur en mede-outeur van 'n aantal publikasies waarvan "Swag om te presteer" in 1986 verskyn het. Hy is tans studieleier vir sewentien MEd- en ses DEd-studente, en 'n groot aantal nagraadse studente het reeds hul studies onder sy leiding voltooi. Hy tree ook gereeld as spreker en referent by simposia en vaksamtrekke op.

Professor Jacobs is tans koshuishoof van Huis Olieenhout, en is ook 'n gereëlde Transvaalse rugby-erfster. Hy is trouens betrokke by die afrigting van tuis- en besoekers van die Universiteit van Pretoria. Voorts is hy lid van verskeie komitees, en tree belang met kontraktnavorsingsprojekte vir die Raad vir Gemeenskapswetenskaplike Navorsing. Hy is as opvoedkundige sielkundige by die Suid-Afrikaanse Gemeenskapswetenskaplike en Tegniese Raad

CURRICULUM VITAE

PROF C.D. JACOBS

Christiaan Daniel Jacobs is op 29 Oktober 1948 te Germiston gebore en ontvang laerskoolopleiding aan die plaaslike Eendracht Laerskool. Daarna matrikuleer hy, in 1965, aan die Afrikaanse Hoërskool Germiston waar hy ook twee jaar lank op die leerlingraad gedien het.

In 1966 skryf professor Jacobs in aan die Universiteit van Pretoria en in 1968 verwerf hy die BA-graad. In die daarop volgende jaar behaal hy die Transvaalse Hoër Onderwysdiploma aan die Pretoriase Onderwyskollege, en in 1973 die BA(Hons)-graad in Sosiologie, andermaal aan die Universiteit van Pretoria. Hy verwerf vervolgens 'n diploma in Organisasie en Metode-studie in 1975 aan die Witwatersrandse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys; die BEd-graad (Beroepsoriënteringspedagogiek) in 1979 aan die Universiteit van Pretoria en in 1981 'n MEd-graad in dieselfde rigting, met lof. In 1983 promoveer hy aan die Universiteit van Pretoria met 'n DEd-proefskrif in Beroepsoriënteringspedagogiek met die titel "Wetenskaplike en logiese verantwoordbaarheid as kriteria vir die beroepsoriënterende onderhoude en verslaggewing".

Vanaf 1970 tot 1978 is professor Jacobs as onderwyser in diens van die Transvaalse Onderwysdepartement, gee hy onderwys aan die Pietersburgse Hoërskool, die Frans du Toit Hoërskool te Phalaborwa en 'sy eie' Afrikaanse Hoërskool te Germiston. In 1979 word hy as lektor in die departement Psigo-, Sosio- en Beroepsoriënteringspedagogiek aan die Universiteit van Pretoria aangestel en in 1983 tot senior lektor in die departement Skoolvoorsorging bevorder. Op 1 Januarie 1986 word professor Jacobs as professor in en hoof van dié departement aangestel, en beklee hy gelyktydig die Ou Mutual-professoraat in Skoolvoorsorging.

Gedurende 1981 en 1985 besoek professor Jacobs die Verenigde State van Amerika en Israel vir studiedoeleindes. In 1981 verwerf hy die Jamie Uys-toekenning vir produksie van die beste draaiboek aan die Universiteit van Pretoria. Hy is ook outeur en mede-outeur van 'n aantal publikasies waarvan "Swot om te presteer" in 1986 verskyn het. Hy is tans studieleier vir sewentien MEd- en ses DEd-studente, en 'n groot aantal nagraadse studente het reeds hul studies onder sy leiding voltooi. Hy tree ook gereeld as spreker en referent by simposia en vaksaaamtrekke op.

Professor Jacobs is tans koshuishoof van Huis Olienhout, en is ook 'n geregistreerde Transvaalse rugby-afrigter. Hy is trouens betrokke by die afrigting van junior rugby aan die Universiteit van Pretoria. Voorts is hy lid van verskeie komitees, en tans besig met kontraknavorsingsprojekte vir die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Hy is as opvoedkundige sielkundige by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad

geregistreer, asook as personeelpraktisyn by die Suid-Afrikaanse Raad vir Personeelpraktisyns. Hy is redakteur en spanleier van 'n publikasiereeks vir HAUM oor loopbaanbeplanning vir laer- en hoërskole in die RSA.

Dit is vervolgens aangenaam om vir professor Jacobs te versoek om sy professorale intreerede te lewer oor die onderwerp: "AD DESTINATUM PERSEQUOR: 'n Toekomstvisie vir die departement Skoolvoorsigting".

Vanaf 1970 tot 1978 is professor Jacobs as onderwyser in diens van die Transvaalse Onderwysdepartement, gesê hy onderwys aan die Pieterburg- en Hoërskool, die Frans du Toit Hoërskool te Phalaborwa en 'n Aitkane Hoërskool te Gemiston. In 1978 word hy as lektor in die departement van Pretoria aangestel en in 1983 tot senior lektor in die departement Skoolvoorsigting bevorder. Op 1 Januarie 1986 word professor Jacobs as professor in en hoof van die departement aangestel, en beklee hy diens tydens die Ou Mutual-professoraat in Skoolvoorsigting.

Gedurende 1981 en 1985 besoek professor Jacobs die Verenigde State van Amerika en Israel vir studiebezoeken. In 1981 verwerf hy die Jamie Lys-toekenning vir produksie van die beste draaiboek aan die Universiteit van Pretoria. Hy is ook outeur en mede-outeur van 'n aantal publikasies waarvan "Swot om te presteer" in 1988 verskyn het. Hy is tans studentleier vir sowelentien MEd- en ses DEd-studente en 'n groot aantal nagraads studente het reeds hul studies onder sy leiding voltooi. Hy tree ook gereeld as spreker en referent by simposia en konferensies op.

Professor Jacobs is tans koördineerder van Huis Oienhout, en is ook 'n geregistreerde Transvaalse tulp-afleëter. Hy is trouens betrokke by die afleëtering van junior tulp aan die Universiteit van Pretoria. Voorts is hy lid van verskeie komitees, en tans deel met kontraknavorsingsprojekte vir die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Hy is as opvoedkundige sêkunjelid by die Suid-Afrikaanse Geesteswetenskaplike en Taalwetenskaplike Raad.

Hy het 'n MEd- en 'n DEd-gradus behaal aan die Universiteit van Pretoria en in 1973 die BAHon-gradus in Sosiologie, 'ndermaal aan die Universiteit van Pretoria. Hy verwerf vervolgens 'n diploma in Organisasie en Metode-studie in 1975 aan die Witwatersrandse Kollege vir Gevoerde Techniese Onderwys; die BEd-gradus (Beroepsoriënteringspedagogiek) in 1979 aan die Universiteit van Pretoria en in 1981 'n MEd-gradus in dieselfde rigting, met 'n DEd-gradus in 1983. In 1983 promoveer hy aan die Universiteit van Pretoria met 'n DEd-gradus in Beroepsoriënteringspedagogiek met die titel "Wetenskaplike en logiese verantwoordbaarheid as kriteria vir die beroepsoriënterende onderhoude en verslaggewing".

Hy het ook twee jaar lank op die leëringstoel van Pretoria en in 1988 verwerf hy die BA-gradus. In die daaropvolgende jaar behaal hy die Transvaalse Hoër Onderwysdiploma aan die Pretoria Onderwyskollege.

AD DESTINATUM PERSEQUOR: 'n Toekomsvisie vir die Departement Skoolvoorigting

1. INLEIDING

Geagte mnr die Rektor, mnr die Dekaan, dames en here: Die wapen en leuse van die Universiteit van Pretoria, hou besondere simboliek en betekenis in.

Prof AE du Toit, destydse rektor van die Universiteit, het in 1931 die volgende uitleg van die wapen gegee:

EERSTENS:

(a) The crest, the book and anchor are indicative of a University, while the anchor has additional significance as reflecting the origin of this University, like other universities in South Africa, through the University of South Africa out of the University of the Cape of Good Hope.

Die afleiding wat uit bostaande verduideliking gemaak kan word, is dat die simboliek van die boek in die wapen, dui op die primêre taak van die Universiteit, naamlik die taak van kennisoordrag.

Die anker dui op die wetenskaplike oorsprong van hierdie besondere kennis wat gefundeer is op die bydrae vanuit verskillende historiese instellings en filosofiese denkrigtings.

Die betekenis hiervan vir die Departement Skoolvoorigting, is die feit dat daar na Skoolvoorigtingsinhoud (respektiewelik : kennis) gestreef word wat wetenskaplik begrond is, en wat gebaseer is op 'n wetenskapsleer wat deur die jare beproef en getoets is.

TWEEDENS:

(b) The base of the shield is an ox wagon on a blue field. The ox wagon, which represents the Transvaal, was taken from the shield of the Transvaal University College out of which the University of Pretoria developed.

The ox wagon at the same time has the symbolic meaning 'carrier of the South African culture'.

Uit die voorafgaande verklaring kan daar tot die slotsom gekom word dat die Departement Skoolvoorigting in sy geformuleerde akademiese opdrag nie net poog om wetenskaplike kennis aan studente oor te dra nie, maar ook dat daar gepoog moet word om hierdie kennis, kultuuroopvatlik te verlewendig, meer spesifiek: Om hierdie wetenskaplike kennis, Christeliek-nasionaal te verlewendig.

DERDENS:

(c) The Dexter Chief contains three bees on a red field. The bees represent activity and were taken over from the crest of the town Pretoria.

Die simboliek van die bye dui op aktiwiteit. Hierdie aktiwiteit dui op moeite en inspanning. Sonder moeite en bereidheid tot optimale inspanning van personele van die Departement Skoolvoortligting ten aansien van onderrig-, navorsing- en dienslewingsaktiwiteite, kan die geformuleerde missie, doelstellings en doelwitte van die Departement nie in terme van presiese aksiestappe geoperasionaliseer word nie.

VIERDENS:

(d) The Senister Chief contains three rings on a red field. The rings representing unity are taken from the shield of the University of South Africa and were originally taken from the shield of Jan van Riebeeck.

Die betekenis van die drie ringe dui op eenheid. Indien daar nie eengesindheid in die Departement Skoolvoortligting is oor die geformuleerde missie, doelstellings en doelwitte van die Departement nie, kan laasgenoemde nie in terme van presiese aksiestappe geoperasionaliseer word nie.

Die leuse of devies van die Universiteit, is die volgende: *AD DESTINATUM PERSEQUOR*. 'n Etimologies-semantiese perspektief op die leuse bring die volgende aan die lig:

Die leuse is 'n formulering vanuit Latyn uit die vyfde eeu na Christus wat die toets van die eeue deurstaan het. Poësie is daar nie in nie, maar miskien des te meer krag!

Die Engelse vertaling van die leuse beteken: "I press on to the goal". Die Afrikaanse betekenis is die volgende: "Ywerig en volhardend streef ek na die gestelde doel".

In *Destinatum* lees ek persoonlik, die deur ideaal en verlede gestelde doel (bekroning en van Riebeeckringe), in *Persequor* die ywerig en volhardende streef na die toekomsideaal (die bye en die ossewa).

Die wapen en leuse omvat per se die raadgewing van president Paul Kruger, om in die verlede te soek na die skone en goeie en daarmee die nuwe toekoms te bou; en so is veral die leuse 'n gedurige aansporing om doelbewus en doelvastig op die wetenskaplike akker te arbeid.

Dit is dus belangrik dat wanneer daar 'n toekomsvisie vir departementele ontwikkeling gegee word daar:

- Eerstens, aansluiting gevind moet word by die verledeverwerkliking van die Departement Skoolvoortligting, en
- tweedens, by die hedeverwerkliking van die Departement Skoolvoortligting, sodoende is 'n totale toekomstige ontwikkelingsperspektief moontlik.

Die rede vir bostaande benadering, is die feit dat sodoende 'n toekomsvisie vir departementele ontwikkeling, meer verantwoord is.

2. DEPARTEMENTELE ONTWIKKELING

Dit is 'n prioriteitsaangeleentheid vir die Departement dat sy infrastruktuur in die toekoms sodanig sal wees dat dit toereikend kan voldoen aan die ontwikkeling en uitdagings van die hedendaagse eise en behoeftes ten aansien van gedifferensieerde opgeleide mannekrag.*

Daar kan in genoemde verband onderskei word tussen:

- Onderrig
- Navorsing
- Dienslewering

(a) Onderrig

In onderrig gaan dit veral om die uitvoering van 'n doseeropdrag wat spesialisasie van dosente vereis ten aansien van wetenskaplikheid, lewensopvatlikheid en navorsingsmetodologie.

(b) Navorsing

Kennis van resente navorsingsmetodes is belangrik vir die onderneem van vakgerigte navorsingsprojekte, hetsy departementeel, interdepartementeel of in samewerking met raakvlakinstansies soos onder meer die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Departement van Mannekrag, en-sovoorts.

(c) Dienslewering


'n Multidissiplinêre strategie ten aansien van dienslewering word onder meer voorgestaan.

Die voorafgaande drie komponente vorm 'n geïntegreerde eenheid en is interverweef, -vervleg en geïntegreer met die Departement se toekomstige missie, doelstellings, doelwitte en die geïmplementeerde aksiestappe (respektiewelik: aksieplanne).

Hierdie aangeleentheid kan skematies soos volg voorgestel word:

* Kyk: paragraaf 3 p. 5

TOEKOMSVISIE VIR DIE DEPARTEMENT SKOOLVOORLIGTING



Uitleg van bostaande skema:

Die strewe van die Departement Skoolvoorligting is om in die toekoms in 'n snel veranderende samelewing en 'n hoogs mededingende akademiese milieu, deur kwaliteit onderrig, gehalte navorsing en sinvolle dienslewering, die Departement relevant te maak en te hou.

Dit stel die eis van die formulering van 'n sinvolle toekomstige missie, doelstellings en doelwitte vir die Departement Skoolvoorligting wat in 'n snel veranderende samelewing, in terme van presiese aksiestappe geoperationaliseer kan word.


Kenmerke van hierdie veranderende samelewing wat besondere eise en uitdagings aan die Departement Skoolvoorligting bied en stel, word vervolgens toegelig.

3. EISE EN UITDAGINGS VAN DIE KONTEMPORÊRE SAMELEWING

Die kontemporêre samelewing word gekenmerk deur snelle veranderinge. Wesenskenmerke van hierdie samelewing is onder meer:

- Industrialisasie en verstedeliking
- Natuurwetenskaplike en tegnologiese ontwikkeling
- Ekonomiese ontwikkeling en welvaart
- Politieke omstandighede, sosiale en beroepsprobleme
- Massa-beroepsopleiding
- Werkloosheid
- Bevolkingsontploffing
- Spesialisasie in die beroepslewe
- Verdringing van primêre groepe in die beroepslewe
- Beroepsmobiliteit
- Onvoorspelbaarheid van ekonomiese toestande
- Toename in vrye tyd
- Naamloosheid in die arbeidsituasie
- Onsigbaarwording van die beroep as arbeid
- Verskillende kulture, rasse en etniese groepe in die beroepslewe
- Ontwikkelde en veranderende mannekrag
- Meganisasie op mikrovlak in die arbeidsituasie
- Tekort aan geskooldes, entrepreneurs en topbestuurskrag
- Beroepsveranderinge wat deur die volgende gekenmerk word:
 - Werkgeleentheid en werkloosheid wat gedeel moet word
 - Inkomste en selftevredenheid nie net in beroepsvervulling geleë is nie, maar ook in ander vorme van dienslewering
 - Dat daar weg beweeg word van salarisberoepe na selfonderhoudend wees
 - Dat tye van werkgeleentheid en werkloosheid mekaar sal afwissel
 - Periodieke en variante skoling tot vaardigheid en bedrewenheid in plaas van eenmalige opleiding
 - Korter werksweek, meer nywerheidsvakansiedae of rusdae
 - Korttermyn werkkontrakte
 - Vroeë aftrede

Bostaande samelewingsveranderinge stel skerp eise en uitdagings aan die Departement Skoolvoorigting. Hierdie aangeleentheid kan triadies soos volg voorgestel word:



Uit die voorafgaande triade kan die afleiding gemaak word dat die jeugdige primêr in skoolse verband en sekondêr in beroepsverband georiënteer moet word om hierdie veranderinge op 'n verantwoordelike wyse die hoof te bied. Dit stel die eis van wetenskaplik-verantwoorde Skoolvoorgligting aan jeugdiges in 'n snel veranderende samelewing deur deskundige opgeleide Skoolvoorgligters, sodat jeugdige die sinvolheid van hul eie bestaan in die arbeids-, keuse- en beroepslewe kan ontdek.

4. SOEKE NA SIN IN 'N VERANDERENDE SAMELEWING

Die voorafgaande veranderinge in paragraaf 3 veroorsaak soms dat jeugdige op skool in 'n eksistensiële vakuum verkeer en dat hulle in die samelewing sinsnood belewe. Dit gee aanleiding tot 'n intense soeke na sin. **WAAROM GAAN DIE LEWE? WAAR PAS EK IN?**


Vir die moderne jeugdige is hierdie soeke na sin en die bevraging van die samelewing meer intens, WANT: Die moderne jeugdige in vergelyking met sy eweknie van 'n dekade of twee gelede, is meer uitgesproke; beter ingelig; meer bewus van sake; minder tradisie-gebonde en minder tevrede (met leë woorde en beloftes) as ooit tevore. Hulle is meer gesofistikeerd as ooit in hulle funksie van kritiek; protes en verandering. Hulle is besorg oor die sin van die samelewing, materiële verskille, waardes, identiteit, godsdiens, moraliteit, politiek, huwelik, gesin, opvoeding, loopbane, die "system" en interpersoonlike verhoudinge.

Die moderne jeugdige word tans ook meer bevra, enersyds vanuit skool, staat- en opleidingsowerheidsweë, en andersyds vanuit die ouerhuis. Die skerp eis van akademiese prestasie word sentraal en op die voorgrond geplaas. Dit gee aanleiding daartoe dat die moderne jeugdige sy eie unieke ingesteldheid, opvattinge en lewens- en wêreldbeskouing voortdurend moet evalueer en aanpas.

In die daarstelling van 'n onderrig- en leerbestuursmodel vir die Departement Skoolvoortligting, sal die voorafgaande samelewingsveranderinge voortdurend in 'n sentrale perspektief geplaas word.

Vervolgens word daar gefokus op die daarstelling van 'n onderrig- en leerbestuursmodel vir die Departement Skoolvoortligting wat kan dien as basis vir toekomstige departementele ontwikkeling.

5. 'N ONDERRIG- EN LERBESTUURSMODEL



UITLEG VAN DIE MODEL

(1) Filosofie

Dui op die opvatting, houdinge, sieninge en gesindhede wat gehandhaaf word oor die toekoms van die Departement Skoolvoorrugting en wat veranderbaar is.

(2) Missie

Dit is die oorhoofse toekomsideaal wat die Departement Skoolvoorrugting nastrewe. Die missie van die Departement kom in essensie op die volgende neer: "Diens aan die breë samelewing deur die beoefening en bevordering van die wetenskap deur navorsing, opleiding, opvoeding, oriëntering en vorming van sy studentekorps".

(3) Situasië-analise

Dui op 'n wetenskaplik-verantwoorde analise van die afgelope, kontemporêre en toekomstige skoolvoorrugtingsituasië ten einde sinvolle doelstellings en doelwitte vir die Departement Skoolvoorrugting te formuleer en wat in terme van presiese aksiestappe geoperasionaliseer kan word.

(4) Doelstellings

Dui op 'n harde en konkrete stelling wat gemaak word.

(5) Doelwitte

Dui op 'n doel, miktunt of oogmerk wat gestel of geformuleer word om in 'n bepaalde tyd te bereik.

(6) Prioriteitspeiling

Dui op die peiling of bepaling van watter doelwitte eerste uitgevoer of bereik moet word en wat moontlikheidsvoorwaarde is vir die bereiking van die ander doelwitte.

(7) Strategie

'n Strategie omvat die volgende geïntegreerde komponente, naamlik: beplanning, organisasie, aktivering, beheer en evaluering.

(8) Aksieplanne

Dui op die take, stappe of program wat uitgevoer word ten einde doelwitte te laat realiseer.

(9) Hulpbronne

Dui op mensekrag, fondse, fasiliteite, materiaal en apparatuur wat in 'n doelmatige tydsbestek aangewend word ten einde doelwitte te laat realiseer.

(10) Evaluering

Dui op die meting of bepaling om te kyk of die doelstellings wat geformuleer is, bereik is.

* Sintese

Die voorafgaande daargestelde onderrig en -leerbestuursmodel, dien as vertrekpunt ten einde sinvol oor die toekoms van die Departement Skoolvoorsorging te besin.

6. 'N TOEKOMSVISIE VIR DIE DEPARTEMENT SKOOLVOORLIGTING


'n Toekomsstrategie vir die Departement Skoolvoorsorging, moet in die hede uitgedink word met volle inagneming van die verlede en die totale geantisepeerde OF geprojekteerde toekoms.

In die lig van die voorafgaande paragraaf kan die volgende vraag tereg gestel word; "As die toekoms van hierdie departement nie in die hede uitgedink word nie, waar anders sal dit uitgedink word?"

Vervolgens sal daar gefokus word op die formulering van enkele toekomstige doelstellings vir die Departement Skoolvoorsorging.

Laasgenoemde stelling stel dus die eis van wetenskaplike besinning in die hede, met die volle inagneming van die verlede ten einde die toekomstige missie, kort-, middel- en langtermyn doelstellings, doelwitte en die geïmpliseerde aksiestappe te formuleer.


Die aangeleentheid kan skematies soos volg voorgestel word:



* Opmerking: In die formulering van sy toekomstige kort-, middel- en langtermyn doelstellings, kan die Departement Skoolvoorrugting nie los- of weggedink word van sy gemeenskaplike-, nasionale- en internasionale verbande nie.

7. DIE FORMULERING VAN DOELSTELLINGS VIR DIE DEPARTEMENT SKOOLVOORLIGTING

Die volgende model dien as uitgangspunt en vertrekpunt vir die formulering van toekomstige doelstellings vir die Departement Skoolvoorrugting:



Uitleg van voorafgaande model:

Die doeltreffende aanwending en benutting van beskikbare hulpbronne, is moontlikheidsvoorwaarde vir die uitnemende funksionering van die Departement Skoolvoorsigting. Laasgenoemde stel die eis van beplande en doelmatige insette van die volgende komponente om kwaliteit uitsette te verseker:

- Mensekrag
- Fondse
- Materiaal
- Apparatuur
- Tyd

Bostaande komponente kan as sinvolle kriteria aangewend word, ten einde uitsprake te lewer of die Departement Skoolvoorsigting, effektief en doeltreffend funksioneer.

In die lig, enersyds van die uitsprake wat tot nou toe oor 'n breë linie aangekondig is, en andersyds in die lig van die onmiddellike voorafgaande model kan die volgende korttermyn doelstellings geformuleer word vir toekomstige departementele ontwikkeling.

A. KORTTERMYNDOELSTELLINGS

Ten aansien van korttermyn doelstellings vir toekomstige departementele ontwikkeling ten aansien van onderrig, navorsing en dienslewering word die volgende onderskei:

(i) **Onderrigsbeleid**

Die onderrigsbeleid van die Departement Skoolvoorsigting behoort op die volgende uitgangspunte gebaseer te word:

- 'n Onderrigsmissie
- Onderrigsdoelstellings
- Onderrigsdoelwitte

Die onderrigsbeleid behoort in terme van die volgende presiese geïntegreerde aksiestappe geoperasionaliseer te word:

- Stap 1: Kurrikulumontwikkeling
- Stap 2: Beplanning van werkskemas
- Stap 3: Voorbereiding van onderrig- en leergeleenthede
- Stap 4: Opstel van studiehandleidings
- Stap 5: Selektoring van doeltreffende evalueringsvorme
- Stap 6: Effektiewe benutting van onderrigmedie

Die Departement Skoolvoorsigting behoort in die toekoms te streef:

- (a) eerstens, na 'n eenheid tussen onderrig en navorsing. Navorsing in

Skoolvoorigting moet fundamenteel wees en moet die onderrig steun, en

- (b) tweedens, moet daar 'n intense strewe wees om weg te beweeg van die tradisionele onderrigsmodel wat selfstandige werk; kreatiewe denke en ontdekkende leer by studente demp of smoor. Die beweging moet na 'n onderrigsmodel wees wat akademiese selfwerksaamheid by studente stimuleer. Kortom: Die strewe behoort die vestiging van 'n doelgerigte, planmatige en sistematiese onderrigs-bestuursmodel te wees wat minder student- of dosentgeoriënteerd is, na 'n meer normgesentreerde onderrigsmodel wat die norm van akademiese selfwerksaamheid by die Skoolvoorigtingstudente voorstaan.

iii) **Navorsingsbeleid**

Die verfynde subsidieformule vir universiteite (SANSO-110) gee daadwerklike erkenning aan die lewensbelangrike en fundamentele rol wat navorsing aan universiteite speel, en verseker dat navorsingsbedrywighede aan universiteite op 'n stewige grondslag geplaas word.

Die navorsingsbeleid van die Departement Skoolvoorigting behoort op die volgende uitgangspunte gebaseer te word:

- 'n Navorsingsmissie
- Navorsingsdoelstellings
- Navorsingsdoelwitte

Die navorsingsbeleid behoort in terme van die volgende presiese aksieplanne geoperasionaliseer te word:

Stap 1: Opstel van 'n departementele navorsingsbeleid

Stap 2: Ontwikkeling van 'n navorsingstrategie

Stap 3: Afbakening van 'n eie navorsingsterrein

Stap 4: Identifisering van navorsingsprojekte vir die toekoms

Stap 5: Effektiewe benutting van navorsingshulpbronne

Stap 6: Effektiewe navorsingsbestuur wat behels:

- Navorsingsdoelwitte en -prioriteite
- Koördinering van navorsing
- Integrasie van navorsing en onderrig
- Navorsingsprestasië-beoordeling
- Doeltreffende beheer
- Publikasie van navorsingsresultate

Daar moet gestreef word na die uitvoering van sinvolle basiese-, toegepaste-, ontwikkelings- en oorsignavorsingsprojekte.

(iii) **Diensleweringbeleid**

Die diensleweringbeleid van die Departement Skoolvoorigting behoort op die volgende uitgangspunte gebaseer te word:

- 'n Diensleweringsmissie
- Diensleweringsdoelstellings
- Diensleweringsdoelwitte

Die diensleweringsbeleid behoort in terme van die volgende presiese aksieplanne geoperasionaliseer te word:

Stap 1: Identifisering van diensleweringssterreine

- Leerlinggemeenskap
- Breë gemeenskap

Stap 2: Bepalings van teikengroepe

Stap 3: Selektoring van metodes:

- Referate
- Seminare
- Besoeke
- Saamtrekke
- Uitstallings
- Inligtingstukke
- Nuusbriewe
- Media

Stap 4: Navorsingsgeleenthede

Waar moontlik moet diensleweringsaksies, kulmineer in sinvolle navorsingsresultate.

In die lig van die voorafgaande geformuleerde korttermyn doelstellings, kan die volgende middeltermyn doelstellings vir toekomstige departementele ontwikkeling geformuleer word.

B. MIDDELTERMYNDOELSTELLINGS

Die middeltermyn doelstellings behoort bereik te word deur die volgende doelwitformulering:

• DOELWIT 1

* Onderrigsonwikkeling wat geoperasionaliseer word in die volgende geïntegreerde aksiestappe:

Stap 1: **Leerplanontwikkeling en -verbetering**

Dat die leerplanne periodiek uitgebrei word sodat die onderrig kan voldoen aan die behoeftes van die tyd. Gedifferensieerde onderrig waarvoor daar in leerplanontwikkeling voorsiening gemaak moet word is onder meer:

- Voorgaafse onderrig
- Nagraafse onderrig op honneurs-, meesters- en doktorsvlak.

* Opmerking:

Vir die huidige is daar 'n dringende behoefte aan die opleiding van personeel

(loopbaanoriënteurs) vir buiteskoolse jeugdiges.

Stap 2: **Verbetering van die kwaliteit van onderrig**

Die kwaliteit van onderrig kan toenemend verbeter deur voortgesette navorsing en die sinvolle aanwending van die uitkomst daarvan met betrekking tot kurrikuluminhoud en -vorme.

Daar kan onder meer gedink word aan

- Opknappingskursusse in Tersiêre Didaktiek
- Verantwoorde wyse van eksaminering
- Doeltreffende voogwerk deur dosente om probleme van studente op te vang en daarmee behulpsaam te wees.

Stap 3: **Toesighouding oor en evaluering van onderrig**

Onder kan geëvalueer word deur onder meer:

- Die spreiding van toets- en eksamenpunt te evalueer
- Deur studenteskakeling op hoogte te bly met die menings van studente oor die kwaliteit van onderrig
- Oriënteringskursusse gerig op onderrig.

Stap 4: **Raakvlakopleiding**

- Raakvlakopleiding, dit wil sê meer 'n praktykgerigte opleiding vir werkgewers se beroepsvoorligtingsdienste met die oog op uitbreiding en verbetering van opleiding
- Gesamentlike bydrae deur opleidingsinstansie en werkgewersinstansies
- Publikasie van aktuele besprekingsinhoud.

• **DOELWIT 2**

* Navorsingsontwikkeling wat geoperasionaliseer word in terme van die volgende geïntegreerde aksiestappe:

Stap 1: **Toesighouding oor en evaluering van navorsing**

Om te verseker dat personeel van die Departement Skoolvoorligting voortdurend met navorsing besig is, kan die volgende onderneem word:

- Departementele projekte
- Interdepartementele projekte
- RGN-projekte en ander relevante projekte

Om te verseker dat navorsing die leeropdrag verryk, kan onder meer:

- Navorsingsresultate gepubliseer word
- Navorsingsinhoud in leerplanne opgeneem word.

• **DOELWIT 3**

* Gemeenskapsdiensprogramme wat geoperasionaliseer word in terme van die volgende geïntegreerde aksiestappe:

Stap 1: **Struktuurdoelwitte**

- Om fondse te genereer
- Om deur uitwaartse beleid, skakeling na buite te bewerkstellig, met die oog daarop dat die beeld van die Departement positief uitgebou word.

Stap 2: **Mobilisering van gemeenskapsdienskragte**

Alle instansies wat met beroepsoriëntering aan jeugdige te make het en alle opleidingsinstansies se kragte word gemobiliseer om doelstellings te verwesenlik. Hierby word onder meer ingesluit: Universiteite, Onderwyskolleges, Onderwysdepartemente, Beroepsleidingsklinieke, Studente-voorligtingsdienste aan Universiteite, Onderwyskolleges, Technikon, Tegniese Kolleges en Institute, Landboukolleges, Militêre Kolleges, Skole, Departement van Mannekrag, Navorsingsrade en Institute, byvoorbeeld die RGN, personeelverenigings en werkgewers (Staatsdiens en privaet).

Kortom:

Doelgerigte en beplande geleenthede moet geskep word waaraan personeel van belanghebbende instansies gesamentlik kan deelneem soos onder meer:

- Seminare
 - Besoeke
 - Opleidingsprogramme
 - Uitstallings
 - Groepbesprekings
 - Kursusse
 - Lesings
 - Personeeluitruiling
 - Fondsinsameling
- **DOELWIT 4**
- * Dosente-ontwikkeling wat geoperasionaliseer word in die volgende geïntegreerde aksiestappe:

Stap 1:

Die daarstelling van 'n dosente-ontwikkelingsbeleid wat elke dosent volle geleentheid bied tot akademiese kreatiwiteit, -prestasie, -ontwikkeling en -erkenning, en wat die onderbou van werkstevredenheid en werksgeluk verteenwoordig.

Stap 2: **Behoud en ontwikkeling van personeel**

Die behoud en ontwikkeling van personeel is moontlik deur dinamiese uitbreiding van die Departement in verhouding tot sy werksaamhede waardeur daar bevorderingsgeleenthede geskep word. Personeelbesikbaarheid is moontlik deur departementele uitbreiding.

- **DOELWIT 5**

- * Studente-ontwikkeling wat geoperasionaliseer word in terme van die volgende geïntegreerde aksiestappe:

Stap 1: Verkryging van studente

Studente word op verantwoorde wyse gewerf deur onder meer:

- Kwaliteit opleiding en praktykgerigte opleiding
- Beeldbou van die universiteit deur onder meer dienslewering
- Skakeling en raakvlakbevordering.

Stap 3: Verkryging van anderskleurige nagraadse studente.

- **DOELWIT 6**

- * Fisiese ontwikkeling wat geoperasionaliseer word in terme van die volgende geïntegreerde aksiestappe:

Stap 1: Die uitbouing van die bestaande Beroepsoriënteringsentrum.

Stap 2: Die opening van 'n Beroepsoriënteringsentrum vir gestremde jeugdiges

- **DOELWIT 7**

- * Rekenarisering wat geoperasionaliseer word in terme van die volgende geïntegreerde aksiestappe:

Stap 1: Opleiding van die personeel in die aanwending van die rekenaar in navorsingsprogramme.

Stap 2: Die aanwending van die rekenaar in rekenaargesteunde onder-rigsprogramme.

Stap 3: Die rekenarisering van die totale kantooradministrasie

- **DOELWIT 8 (Vennootskapstruktuur)**

- * Multidissiplinêre skakeling wat geoperasionaliseer word in terme van die volgende geïntegreerde aksiestappe:

Stap 1: Daar moet doelmatig en planmatig geskakel word met onder meer die volgende instellings, instansies en vennote:

- Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
- Departement van Mannekrag
- Die Nasionale Instituut vir Personeelbestuur
- Suid-Afrikaanse Raad vir Personeelpraktisyns
- Onderwyskolleges

- Technikons
- Tegnieise Kolleges
- Werkgewers
- Stedelike Stigting
- Verenigings
- Institute
- Skole, ensovoorts

Stap 2: Raakvlakinstellings en -instansies moet voortdurend geïdentifiseer word vir multidissiplinêre skakeling.

• **DOELWIT 9**

* Beeldbou van die Departement wat geoperasionaliseer word in terme van die volgende geïntegreerde aksiestappe:

Stap 1: Beeldbou **binne** die totale universitêre opset deur die aanwending van relevante metodes en wyses.

Stap 2: Beeldbou **buite** die totale universitêre opset deur die aanwending van relevante metodes en wyses.

• **DOELWIT 10:**

* Naamsverandering van die Departement wat geoperasionaliseer word in terme van die volgende voorgestelde naam: Departement Loopbaanvoorgligting.

In aansluiting by die voorafgaande geformuleerde doelwitte, is dit essensieel om enkele langtermyn doelstellings vir die Departement Skoolvoorgligting te formuleer.

C. LANGTERMYNDOELSTELLINGS

Die Departement Skoolvoorgligting poog om die volgende langtermyn doelstellings te bereik.

DOELSTELLING 1

* Inskerping van wetenskaplike kundigheid en vaardighede by toekomstige Skoolvoorgligters wat geoperasionaliseer word in terme van deskundige opleiding.

Hierdie opleiding moet voldoen aan die volgende eise:

- Wetenskaplikheid
- Opvoedkundigheid
- Kurrikulumkundigheid
- Onderrigkundigheid

- Onderwyskundigheid
- Vakkundigheid
- Bestuurskundigheid
- Kulturele kundigheid
- Lewensopvatlikheid

DOELSTELLING 2

* Deskundige opgeleide Skoolvoorligters hou die volgende voordele in vir sekondêre skoolleerlinge:

- Skoolkeuse, vakkeuse en kursuskeuse wat gepaard gaan met beroepskeuse kan meer betroubaar wees.
- Betroubare beroepskeuse en beroepstoetredes waar die jeugdige sy gawes die beste kan benut, het groter arbeidstevredenheid tot gevolg.
- Die balans tussen arbeidsbehoefes en mannekragpotensiaal kan verbeter word.
- Korrekte beroepsplasing as uitkoms van verkenning, skakel beroepswisseling grootliks uit.
- Korrekte toetredes met betrekking tot indiensopleiding kan die oorsakelike van een opleidingsrigting na 'n ander tot 'n minimum beperk.
- Beroepsinligting kan na persoonsverkenning meer persoonsgerig bekend gestel word.
- Werkplekke kan besoek word deur leerlinge wat volgens hul persoonskennis die beroepe oorweeg.
- Beroepskeuse in die lig van persoonsverkenning voor skoolverlating het meer gerigte beroepstoetredes tot gevolg met 'n laer personeelomset.
- Leerlinge kan voor skoolverlating meer doelgerig aansoek doen binne die beroepsgebiede waarvoor hulle geskik is.
- Deskundige persoonsverkenning sal die las van werwing en keuring grootliks verlig.
- 'n Korrekte beroepskeuse lei tot beroepstevredenheid en hoër produktiwiteit.
- 'n Verkeerde beroepskeuse kan uitgeskakel word en die volgende probleme kan voorkom word as gevolg van 'n verkeerde beroepskeuse:
 - Frustrasie
 - Beroepswisseling
 - Werkafwesigheid
 - Lae produksie
 - Vermorsing van geld en tyd
 - Voortdurende heropleiding
 - Hoë personeelomset

Indien die voorafgaande doelstellings behaal kan word, kan die Departement Skoolvoorligting in die Suid-Afrikaanse bestel, bydaes dat:

- elke leerling sy potensiaal kan verwerklik;
- ekonomiese groei in die RSA bevorder kan word deur beginsels van die vrye markstelsel te propageer;
- elke leerling sy lewensgehalte en kwaliteit kan verbeter;
- daar voorsien kan word in die gedifferensieerde mannekragbehoefes van die RSA: en
- die voorsiening van gelyke gehalte beroepsoriëntering aan elke leerling in die RSA.

8. **BEDANKINGS**

Geagte mnr die Rektor

Die feit dat u bereid was om in die Fakulteit Opvoedkunde 'n afsonderlike leerstoel in Skoolvoorigting daar te stel, openbaar u gesonde toekomsprospektief oor die noodsaaklikheid daarvan.

Geagte mnr die Dekaan

U daadwerklike bydrae in die totstandkoming van die Departement Skoolvoorigting asook u toenemende ywer in die funksionering en uitbouing daarvan word opreg waardeer.

Geagte prof Sonnekus

Vir die lojaliteit wat u aan my bewys het as my eerste departementshoof en u aandeel in die selfstandigwording van die Departement Skoolvoorigting, my opregte dank.

Geagte prof Landman

As akademikus en mens het ek vir u die hoogste agting. Dankie ook vir u belangstelling in hierdie Departement.

Geagte prof Joubert

Baie dankie vir wat u as die vorige departementshoof vir hierdie Departement gedoen het. Die hoë eise wat u gestel het, het die grondslag gelê vir die akademiese standarde van hierdie Departement.

Aan my eggenote, vriende en kollegas, dankie ook vir u belangstelling in die werksaamhede van die Departement Skoolvoorigting.

Vergun my asseblief om hierdie rede met die volgende uitspraak, af te sluit:

SOLI DEO GLORIA!

LITERATUURLYS

- ALBRECHT, K (1978): Successful Management by Objectives, Prentice-Hall, Inc. New York.
- JOUBERT, C J (1983): Evaluering van die hedendaagse beroepsoriënteringsteorie en -praktyk. Nuwe Reeks nr 195, Universiteit van Pretoria.
- KAPP, C A (1983): Die akademiese leiersfunksie van die Departementshoof aan Suid-Afrikaanse Universiteite- 'n Konseptualisering vanuit die Tersiëre Didaktiek. Ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.
- LANDMAN, W A en JACOBS C D (1986): Navorsingsbeleid vir die Fakulteit Opvoeding. Eerste Monografie.
- MACDONALD, C R (1982): MBO can work, McGraw-Hill Book Company, New York.
- MAGER, R F (1975): Preparing Instructional Objectives. Pitman Learning Inc., California.
- MAHESHWANI, B L (1980): Management by Objectives. McGraw-Hill Offices, New Delhi.
- PIPE, P (1975): Objectives — Tool for Change. Pitman Learning, Inc., California.
- POTTAS, C D (1986): Doelwitbestuur vir dosente — Deel I: Formulering van Bestuursdoelstellings en -doelwitte, Ongepubliseerde kernaantekeninge, Universiteit van Pretoria.
- POTTAS, C D (1986): Kursus: Die funksie van studiehandleidings in onderrig. Ongepubliseerde werkboek. Departement Bestuurswese, Universiteit van Pretoria.
- UNIVERSITEIT VAN PRETORIA (1960): Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria.

SUMMARY

"AD DESTINATUM PERSEQUOR": A Futuristic view for the Department of School Guidance.

Management by objectives is a well-accepted technique and a logical, effective process of management, for the designing and achieving of goals, targets or objectives for the Department of School Guidance in a rapidly changing society.

To make the Department of School Guidance relevant at present or in the future, clear goals, targets or objectives should be set in terms of the department's:

- Teaching task;
- Research task; and
- Community service task.

In achieving the above-mentioned short, medium and long term aims the following recognisable four-step process must form the basis:

- Forecasting and target-setting
- Strategy and action planning
- Implementation
- Control, review and replanning.